# Wollie en Wippie raak stout

Twee hasies was eendag alleen by die huis. Hulle mamma het bietjie gaan kuier en voordat sy weg is, het sy hulle nader geroep en gesê:"Luister nou mooi, julle is nou al groot genoeg om vir 'n rukkie alleen te bly. Ek sal sommer gou-gou terug wees en dan kan ons gaan kossies soek."

**Baie moeg**

Wollie en Wippie het naby die nessie waar hulle gebly het, begin rondspeel. Na 'n rukkie het Wollie gesê:

"Ek is nou baie moeg, Wippie. Kom ons rus eers 'n bietjie."
"O . . . as jy moeg is, wil jy seker nou al weer gaan slaap... en ons het dan nou-nou maar eers opgestaan?" het Wippie verbaas gesê.
Wollie gee toe 'n lang gaap en sê:
"Ja . . . ek ís vaak. Kom ons slaap net so 'n bietjie terwyl ons wag dat Mamma moet terugkom."
"Ag-nee . . . jy wil net altyd slaap, brom Wippie.
"Toemaar . . . jy is weer altyd honger," sê Wollie gaap-gaap.
"Ja, natuurlik, nou dat jy daarvan praat, ek wou jou lankal sê dat ek baie honger is," sê Wippie.
Wippie dink toe aan die vars groente in die boer se tuin daar naby: wortels, kool en sagte groen blaarslaai wat sommer so kraak van die lekker! Toe sê hy:
"Kom ons gaan soek solank vir onsself kos. Mamma bly nou darem ook té lank weg!"
Maar Wollie antwoord nie, want hy is vas aan die slaap.
Wippie trek aan Wollie se ore en sê:
"Gaan jy saam met my kos soek of gaan jy alleen hier bly?"
Wollie staan maar op en sê vakerig:
"Ja, as jy so neul, sal ek maar saam met jou gaan, anders eet jy alleen al die lekker kos op."

**Boer se waghond**

Hulle ken die paadjie na die boer se groentetuin toe. Daar is so baie soorte groente wat lekker smaak, dat hulle sommer hier en daar 'n happie eet.
Toe gaan staan Wippie skielik stil en sê:
"Wollie . . . het jy ook iets gehoor?"
En ja! daar hoor Wollie dit ook: Dis 'n vreeslike lawaai wat nader na hulle toe kom daar by die groentetuin!
"Doef-doef-doef . . . Woef-Waf-tjank!"
"Dis Jasper, die boer se waghond . . . !" fluister Wollie benoud.
Die twee hasies hardloop verskrik in die hoë gras in waar Jasper hulle nie so maklik kan sien nie.
Die volgende oomblik kom 'n seuntjie met sy hond, Jasper, in die voetpaadjie aangehardloop.
Die seuntjie lag vrolik en speel met sy hond.
Die hond, Jasper, gaan drink water in die lei-dammetjie en die seuntjie was sy hande.
Jasper ruik die hasies en hy begin in die gras rond te snuffel. Die seuntjie loop agter hom aan en vra vriendelik:
"En toe Jasper, wil jy nou hase jaag, hmmmm?"
Wollie en Wippie se hartjies klop baie benoud. Hulle kruip saggies al dieper en dieper tussen die lang gras in. — As Jasper hulle kry sal hy hulle doodmaak!

Jasper gee 'n harde blaf: "Woef . . . !"
Hy waai sy stert opgewonde, want hy ruik die haasvleis sommer naby. Hy trap die lang gras sommer maklik plat met sy groot pote en sy groot neus beweeg al nader aan die hasies.

**Nooit weer ongehoorsaam**

Toe klink daar meteens 'n harde geweerskoot naby die groentetuin. Jasper vergeet vir 'n oomblik van die hasies en die seuntjie sê:

"Haai, kom Jasper . . . kom ons gaan kyk wat Ouboet daar geskiet het!"


Jasper en die seuntjie gee vinnig pad net toe Wollie en Wippie se lewens in groot gevaar was.

"Nou moet ons maak dat ons baie vinnig hier wegkom . . . ," fluister Wollie.

"Ja, voordat die baas van die geweer ons raaksien . . . moet ons baie ver weg wees," stem Wippie saam.

Nog nooit het die twee hasies vinniger gehardloop om by hulle nessie te kom nie, en nog nooit was hulle blyer om hulle mammie weer te sien nie. En hulle het ook plegtig belowe

om nooit weer ongehoorsaam te wees nie!



Wollie en Wippie raak stout

Lees die storie baie goed deur en beantwoord die vragies deeglik (goed)

1. Watter soort diertjie is Wollie en Wippie?
2. Wat het hulle mamma gaan doen?
3. Wat het Wollie na 'n rukkie gesê?
4. Wat het Wollie gaap-gaap vir Wippie gesê?
5. Waaraan het Wippie toe gedink?
6. Kyk op bl. 106 van jou woordeboek en skryf die betekenis van "neul" neer.
7. Wat het die twee by die groentetuin gehoor?
8. Wie was hierdie geluid gewees?
9. Kyk op bl. 188 van jou woordeboek vir die betekenis van "verskrik" en skryf dit neer.
10. Waar het Jasper water gedrink?
11. Kyk op bl. 16 van jou woordeboek vir die woord "benoud" se betekenis en skryf dit neer in jou boek.
12. Waarom waai Jasper se stert opgewonde?
13. Wat het daar meteens naby die groentetuin geklink?
14. Het die twee hasies al voorheen vinniger as nou gehardloop?
15. Wat het hulle plegtig belowe?

16. Skryf in let+ter+gre+pe: rukkie rondspeel verbaas natuurlik honger blaarslaai solank alleen vakerig groentetuin lawaai vergeet vreeslike seuntjie volgende hartjies opgewonde sommer hasies

17. Skryf die verKLEINing : haas groentetuin poot neus nes hart pad kos slaap ruk gras hap seun dam vleis